SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: LANDBOUWEEKBLAD Date: 10-Oct-2003
Topic: 19 Ref No: 5989
1
ID: 03003617-01 Source Page: 71

# 'Voedselinflasie daal tog'

■ Deur JOHAN FOUCHÉ

Dit lyk of kospryse tans stadiger styg, maar dit is moeilik om 'n algemene neiging oor ál die bedryfsitems heen te identifiseer.

Só het die voorsitter van die Voedselprysmoniteringskomitee, prof. Johann Kirsten, in 'n voorlegging aan die parlementêre portefeuljekomitee vir die landbou gesê. Hy het gesê dit wil lyk asof pryse besig is om na hul vorige gemiddelde vlakke terug te keer, maar die komitee is nog besorg oor suiker, melkprodukte en kookolie.

Talle vervaardigers het die swak rand gebruik om skerp prysstygings in 2001/02 te regverdig. Tog is pryse vanjaar wéér hoër, al het die geldeenheid verstewig. Die prysmoniteringskomitee ondersoek nou onder meer maatskappye wat plastiek, papier en karton vir verpakking vervaardig, landboumaatskappye wat werktuie, chemiese middels en misstowwe verskaf, voedselverwerkingsmaatskappye en die glukose- en sigoreibedryf.

Die komitee wil ook die impak van brandstofpryse op voedsel ondersoek.

Mnr. Andries Botha van die DA wou weet waarom die dramatiese daling in die mielieprys nie tot 'n soortgelyke daling in die prys van mieliemeel gelei het nie.

Prof. Kirsten sê die koste van arbeid, vervoer en ander produksiekoste het die daling in die meelprys beperk. Talle meulenaars het groot hoeveelhede mielies teen die hoë prys gekoop, wat hulle verhinder het om meel dadelik teen laer pryse te verkoop.

Hierop het mnr. Botha gesê dit is "dwaas" om 'n jaar se voorraad teen die mees ongunstige prys te koop.

Die komitee se finale verslag kan voor einde vanjaar verwag word.